

DIÉ KOMBINASIE IS 'N WENNER!


Hekel dié lappie met twee kleure garing en indien jy wit en ecru gebruik soos vir die lappie op die foto, sal dit beslis aandag trek

BENODIGDHEDE: Pingouin-hekelgare Nr. 8, 1 bol elk wit en ecru (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; gp(e) - groep (groepe); ls(e) - lus (lusse); grh - garing rondom hekelpen; lb-gp - langbeengroep (=3 lb, hou laaste lus van

elk op pen, grh en trek deur alle lusse op pen); dsl-gp - dubbelslagsteekgroep (hou laaste lus van elk op pen en hekel 4 ks, 1 dsl in dieselfde kb as 4 ks, 1 dsl in vlg kb, grh en trek deur alle lusse); 4 ks, 1 kb in dieselfde kb as laaste dsl); vlg - volgende; sp(s) - spatie (spasies); gs - glipsteek; herh - herhaal; beg - begin.

BLAAI OM



KLEIN BLOM: (Hekel 32 in ecru) Hekel 9 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 12 kb in ring.

2e rondte: hekel 6 dsl-gpe oor 12 kb — 6 blomblare gemaak.

WIT MIDDELMOTIEF: Hekel 9 ks en sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 16 kb in ring.

2e rondte: *1 lb, 3 ks, slaan 1 kb oor*, herh rondom.

3e rondte: *1 lb op lb, 8 ks* herh rondom — 8 sps.

4e rondte: (9 lb, 2 ks) in elke sp.

5e rondte: *1 kb in kb, 9 ks, 1 kb in dieselfde st as vorige kb, 4 ks, 1 kb in 2-ks-sp, 4 ks*, herh rondom.

Hekel nou die ring van 8 ecru blomme met gs aan middelmotief vas en hekel voort met wit.

6e rondte: *1 kb in boonste steek van 1 blomblaar, 10 ks, 1 kb op vlg blomblaar, 10 ks, 1 kb op vlg blomblaar, 11 ks, slaan oor na vlg blom, *herh rondom, gs in 1e kb.

7e rondte: draai werk om en gs tot middelste van 11 ks, draai, *1 lb in middelste van 11 ks, 3 ks, in elke sp van 10 ks hekel (1 lb-gp, 2 ks) 3 keer en 1 lb-gp, 3 ks* herh rondom, gs in 1e lb.

8e rondte: 1 kb in lb, *5 ks, (1 lb-gp in sp tussen gpe, 3 ks) 6 keer, 1 lb-gp in laaste sp, 5 ks, 1 kb op lb, herh vanaf*, eindig laaste herh met gs in 1e kb.

9e rondte: gs tot in middel van sp, 1 kb in sp, *6 ks, (1 lb-gp in sp tussen lb-gpe, 3 ks) 5 keer, 1 lb-gp in laaste sp, 6 ks, 1 kb in 5-ks-sp,

2 ks, 1 kb in vlg 5-ks-sp, herh vanaf *, eindig laaste herh met gs in 1e kb.

10e rondte: gs tot in middel van sp, 1 kb in sp, *6 ks, (1 lb-gp in sp tussen lb-gpe, 3 ks) 4 keer, 1 lb-gp in laaste sp, 6 ks, 1 kb in 6-ks-sp, 7 ks, 1 kb in vlg 6-ks-sp, herh vanaf *, eindig laaste herh met gs in 1e kb.

11e rondte: gs tot in middel van sp, 1 kb in sp, *7 ks, (lb-gp tussen lb-gpe, 3 ks) 3 keer, 1 lb-gp in laaste sp, 7 ks, 1 kb in 6-ks-sp, 7 ks, (1 lb, 4 ks en 1 lb) in middelste sp, 7 ks, 1 kb in laaste 6-ks-sp, herh vanaf *, eindig met gs in 1e kb.

12e rondte: gs tot in 1e sp tussen gpe, * (1 lb-gp in sp tussen gpe, 3 ks), 2 keer, 1 lb-gp in laaste sp, 10 ks, 1 lb in 2e 7-ks-sp, 7 ks, (1 lb, 4 ks en 1 lb in middelste sp), 7 ks, 1 lb, in vlg sp, 10 ks, slaan vlg sp oor, herh vanaf*, eindig met gs in boonste st van 1e gp.

13e rondte: gs tot in 1e sp tussen gpe, * 1 lb-gp in 1e sp, 3 ks, 1 lb-gp in vlg sp, 9 ks, 1 lb in 10 ks-sp, 9 ks, 1 lb in 7-ks-sp, 9 ks, (1 lb, 4 ks en 1 lb in vlg sp), (9 ks, 1 lb in vlg sp) 2 keer, 9 ks, herh vanaf *, eindig met gs in 1e sp.

14e Rondte: gs tot in sp tussen gpe, * 1 lb-gp in sp tussen gpe, (9 ks, 1 lb in vlg sp) 3 keer, 9 ks, (1 lb, 4 ks en 1 lb in vlg sp), (9 ks, 1 lb in vlg sp) 3 keer, 9 ks, herh vanaf * eindig met gs in boonste st van 1e gp.

15e rondte: gs tot in middel van 1e gp, 1 lb en 5 ks in elke sp, eindig met gs in boonste st van 1e lb.

16e rondte: * 5 ks in vlg 2 sps, (2 kb, 5 ks en 2 kb) in sp bokant gp*, eindig met gs in 1e kb, heg af.

17e rondte: werk blommotiewe met naald

en garing met 1 blomblaar aan middelmotief vas soos op foto gesien kan word, en hekel voort met wit garing, om buitenste rand te vorm.

18e rondte: heg wit garing vas aan 'n 5-ks-sp van 16e rondte, 1 kb in 5-ks-sp, 1 kb in vlg blomblaar van klein blom, 5 ks, 1 kb in 5-ks-sp, 5 ks, 1 kb in blomblaar van vlg blom, 5 ks, 1 kb in 5-ks-sp, heg af. Hekel alle blomme op dié manier verder vas.

19e rondte: heg garing aan 1e verbinding-ls tussen blomme, * 1 lb in 5-ks-ls, 1 lb in vlg ls, 3 ks, 1 kb in punt van 1 blomblaar, 6 ks, 1 kb in punt van vlg blomblaar, 6 ks, 1 kb in punt van vlg blomblaar, 3 ks*, herh rondom, eindig met gs tussen eerste 2 lb.

20e rondte: 1 kb in dieselfde st as gs, * 5 ks, slaan 3-ks-sp oor, 1 kb in 6-ks-sp, 5 ks, 1 kb in punt van vlg blomblaar, 5 ks, 1 kb in 6-ks-sp, 5 ks, 1 kb tussen 2 lb van vorige rondte, herh vanaf*, eindig met gs in 1e kb.

21e rondte: gs tot in middel van 5 ks, * 1 kb in sp, 8 ks, slaan vlg sp oor, in vlg kb aan punt van blomblaar (een 2-lb-gp, 3 ks) 2 keer en een 2-lb-gp (d.w.s. hekel slegs 2 lb i.p.v. 3 lb in gp), 8 ks, slaan vlg sp oor, 1 kb in vlg sp, 10 ks, herh vanaf *, eindig met gs in 1e kb.

22e rondte: gs tot in sp tussen 1e 2 gpe, * hekel (een 2-lb-gp, 3 ks) in 1e sp tussen gpe 2 keer, (een 2-lb-gp, 3 ks en een 2-lb-gp) in vlg sp, 10 ks, 1 kb in 10-ks-sp, 10 ks, herh vanaf * en eindig met gs in boonste st van 1e gp. Heg af.

23e rondte: heg ecru garing vas en beg in 1e sp tussen gpe, *1 kb, 3 ks en 1 kb in elke sp tussen gpe, 10 ks, 1 lb, 3 ks en 1 lb in vlg kb, 10 ks, herh vanaf *, eindig met gs in 1e kb.

**SPESIALE
AANBOD**



EGTE PUKA-STEL

Nousluitende halssnoere, armband
en oorkrabbetjies, slegs R5,99 plus
AVB per stel

Stuur bestelvorm en gekruiste tjek of posorder ten bedrae van R6,23 per stel aan:

SPESIALE PUKA-STEL-AANBOD, Bus 6956, Roggebaai 8012.

(Federal-gebou 202, Tulbaghplein, Voorstrand 8072)
Laat 2-3 weke toe vir aflewering

NAAM

ADRES

..... POSKODE

R.R. 8/4/81

Comfi-Carrier

vir u en u baba

Plaas u baba op sy geliefkoosde plek
— teen sy moeder, stewig in 'n raam-
lose babadraer wat albei u hande
vry hou.



- Onmisbaar vir moeders met babas van tot twee jaar.
- Strelend vir babas wat koliek het.
- Lig en maklik om te dra.
- Kussingbande vir gemak.
- Verwyderbare skuim-kopstut.
- Kan gebruik word vir babas wat vanaf 3,5 kg weeg.
- Kan voor of agter gedra word.



Besikbaar by Vooraanstaande Winkels

Of teen R10,50 (insl. Posgeld en AVB) (Geen k.b.a.)

Van: COMFI-CARRIER, Posbus 63, Claremont 7735.

Ook beskikbaar: die DOLLY-CARRIER (speel-Comfi-Carrier vir kinders teen R4,50, insl. posgeld en AVB).